Publication: Rapport (Gauteng), Beleef
Date: Sunday, May 21, 2023
Page: 16

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**



# Só werk dit as jy nie meer kan nie

## Inkomstedekking – loop lig vir al die vangplekke

Versekeraars kan soms maar lekker ongeskik raak. Veral met ongeskiktheidsdekking.

Jy kan dink jy is verseker. Jy kan betaal vir die versekering. Maar as dit by die uitbetaalslag kom, kan jy waarlik beteuterd daarvan afkom.

Ongeskiktheidsdekking is een van daardie polisvoordele wat byna as 'n logiese byvoordeel bygevoeg word wanneer daar versekering uitgeneem word as deel van mense se finansiële risikobeplanning. So of dit daar hoort.

En dis reg, dit behoort minstens oorweeg te word.

Hierna is almal tevrede. Die kliënt het dekking teen onder meer ongeskiktheid.

Die versekeraar kry sy premies. En die makelaar het sy kommissie.

Wat baie mense nie weet nie, is dat ongeskiktheidsversekering meer slaggate het as 'n teerpad in die Vrystaat.

Kom ons trek die lotjie uitmekaar.

### Jy kan oorverseker wees

'n Leser laat weet die week dat 'n oudkollega 'n siekte opgedoen het wat hom onvermoënd maak om te werk. Dit is permanent. Hy is dus ongeskik vir werk.

Hy is verseker by 'n bekende versekeraar teen ongeskiktheid (ek los die naam, want ek is 'n finansiële beplanner wat kontrakte het met van sy konkurrente en om etiese redes vermy ek 'n potensiële belangebotsing).

Die versekeraar erken hy is ongeskik.

Die versekeraar erken hy is verseker daarteen. Maar die versekeraar betaal nie uit nie.

Hoekom nie? Hy is oorverseker.

### Wat presies is dit?

Kom ons gee nou eers 'n stap terug.

Die doel met ongeskiktheidsversekering is om vir jou geld beskikbaar te maak, sou jy weens die een of ander gebeurtenis, hetsy deur 'n ongeluk of die gevolge van 'n siekte, nie meer in staat wees om te werk en 'n inkomste te verdien nie. Anders gestel, dit beskerm jou verdienvermoë.

Of my eie siening daarvan, dit is deel van aftredebeplanning. As jy nie werk nie, kan jy nie geld bymekaarmaak vir aftrede nie. Daarom ongeskiktheidsdekking, wat geld beskikbaar sal stel wanneer jyself nie kan nie. Eenvoudig.

Dit is baie kortliks gestel, want daar is vreeslik baie permutasies, en ja, ook foefies (ons weet almal wie die versekeraars is wat uitblink met laasgenoemde). Daar is twee tipes ongeskiktheidsvoordele. Die een betaal 'n kontantbedrag by permanente ongeskiktheid. Die ander betaal 'n maandelikse inkomste vir solank jy ongeskik is vir werk, ook genoem inkomsteversekering.

Die tweede belangrike punt om in ag te neem, is waarvoor jy eintlik die versekering uitneem. Jy kan ongeskik wees om jou eie werk te kan doen, om jou eie werk of soortgelyke werk te kan doen of om enige werk te kan doen.

Daar is ander definisies ook. Ongeskiktheid is nie sommer net ongeskiktheid nie. Maak seker wat jy koop.

### Dis jou finansiële beplanner se werk

Nou terug by ons leser en haar oudkollega.

Hy het die inkomste-tipe versekering uitgeneem by die versekeraar. Dit was addisionele dekking wat hy in sy persoonlike hoedanigheid uitgeneem het.

Hy was egter ook, as deel van sy werknemervoordelepakket, gedek deur inkomsteversekering.

Dis waar die probleem lê.

Versekeraars bied normaalweg dekking (inkomste-tipe versekering) van 75% van die kliënt se inkomste vóór die ongeskiktheid. Gewoonlik die nabelaste inkomste, min aftrekkings. Anders gestel, die vathuistoe-geld. Sommige sal jou egter nou dek tot 100% van inkomste.

Nou die probleem.

Omdat ons leser se oudkollega reeds verseker was deur sy werk as deel van sy werknemervoordele en omdat hierdie (werknemer-) versekering reeds 75% van sy inkomste aan hom uitbetaal, weier die versekeraar nou om uit te betaal.

Die algemene argument in die bedryf is teen oorversekering vir ongeskiktheid uit vrees dat mense hulself kan beseer, of ongeskik maak vir werk net om polisuitbetalings te kry. Dit gebeur, glo my.

Maar, en hier lê my probleem en my waarskuwing aan lesers vandag.

Nee, ek het nie 'n waarskuwing aan lesers nie. Dis nie kliënte se skuld nie. Behalwe dalk om jou finansiële raadgewer, of makelaar, reg te kies. Iemand met die nodige professionele kwalifikasies. Iemand wat nie net ingestel is op sy of haar kommissie nie.

Want hoe op dees aarde kan daar van kliënte verwag word om dinge te verstaan, laat staan nog om uit te kyk daarvoor, soos maksimum toelaatbare versekeringsbedrae en definisies vir ongeskiktheid?

Dit is reg vir mense om addisioneel voorsiening te maak. Werknemervoordele, ingesluit voorsiening vir aftrede, is eenvoudig nie genoeg nie. Dit help, maar dit kan nie die geheel van jou finansiële beplanning wees nie.

Maar tog sekerlik is dit nie onbillik nie om te verwag dat jou "raadgewer" die kennis sal hê om jou werklik van raad te bedien, eerder as om net 'n produk te kom smous.

Tog sekerlik rus daar 'n verpligting op die versekeraar, voor hy jou premies vat, om seker te maak dat jy nie oorverseker is nie, spesifiek oorverseker is teen ongeskiktheid, juis oor die doolhof van definisies en perke op versekeringsbedrae.

In 'n goeie finansiële beplanning deur iemand wat nie net ingestel is op produksmousery nie, sal alle produkte, ongeskiktheid, lewensdekking, aftreevoorsiening, ensovoorts in ag geneem word.

Dit is wat 'n opgeleide finansiële beplanner vir jou behoort te doen. En dan vir jou raad gee oor die pad vorentoe.

Alles dit gesê, meen ek ons is terug by die finansiële raadgewer of makelaar, wat na my mening nie sy of haar werk gedoen het nie.

Ek sou die makelaar opskroef. Vergeet van die ombud. Gaan sien jou prokureur.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.**

## Nico gesels aftrede-geldsake in Pretoria

'n Huisie by die see? 'n Kothuis in jou kinders se tuin? 'n Aftree-oord?

Verblyf ná aftrede is onder die kwessies wat Riana de Lange, senior sakeverslaggewer, en Nico van Gijsen by die Everest Wealth Lewe Plus Ekspo in samewerking met *Rapport*, *Beeld* en Netwerk24 sal bespreek.

Nico en Riana is op Sondag 11 Junie om 14:00 op die verhoog by The Maslow, Time Square, in Pretoria. Hulle sal na 'n verskeidenheid sleutelkwessies kyk en oor die foute gesels wat mense geneig is om te maak.

Dit geld ook mediese koste as mens ouer raak en hoe om onder meer te beplan vir 'n gade wat versorging nodig het, terwyl die ander nog onafhanklik is.

Inge Kühne, *Rapport* se redakteur, gesels om 12:00 ook hier met Tim du Plessis, oudredakteur van *Rapport*, en Ryk van Niekerk, aanbieder van *RSG Geldsake*, oor die land se politiek en ekonomie.

Op Saterdag 10 Junie lei Barnard Beukman, *Beeld* se redakteur, en Henriëtte Loubser, hoofredakteur van Netwerk24, gesprekke oor onder meer finansiële beplanning, mediese fondse en 'n gesonde leefstyl.

Verskeie ondernemings, waaronder aftree-oorde en finansiële instellings, sal stalletjies by die ekspo beman.

■ Stuur gerus vooraf jou vrae vir Nico na liezel.delange@rapport.co.za.

Bespreek jou kaartjie by www.tixsa.co.za, stuur 'n e-pos na tanya.schoeman@media24.com of bel Tanya tydens kantoorure by 011 713 9276.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.